



Dokumentêre films met 'n vars oog, deur 'n helder lens, oor Suid-Afrikaanse geskiedenis

Oor Jesse Lewis

“Ek is die vars oog wat deur 'n helder lens na die geskiedenis van Suid-Afrika kyk.

“My eerste besoek aan Suid-Afrika was in 2003, en ek het gesien – trouens, sien nog steeds – die land vir die eerste keer.”



Dit is hoe Jesse Lewis, 'n Amerikaner, voormalige joernalis, voormalige Amerikaanse diplomaat en nou 'n gretige videograaf, fotograaf en geleentheidshistorikus sy passie vir Suid-Afrika beskryf.

“Uiteraard is ek bewus van die land se geskiedenis. Maar tydsberekening is, vanselfsprekend, alles. As ek, sê, twintig jaar gelede gekom het, is ek nie so seker dat ek dieselfde entoesiasme vir Suid-Afrika sou gehad het nie.

“Ek het talryke wonderlike en interessante mense van oral oor die reënboog ontmoet.”

Jesse is die besturende vennoot en uitvoerende vervaardiger van Fresh Eye, Clear Lens Productions (Edms.) Bpk., 'n maatskappy wat hy in 2009 gestig het om dokumentêre films oor Suid-Afrikaanse geskiedenis te maak. Sedert sy eerste besoek aan Suid-Afrika in 2003, het mnr. Lewis 'n lewendige belangstelling in die Suid-Afrikaanse geskiedenis ontwikkel, veral tydens sy navorsing oor die lewens van mense wat nie algemeen bekend is onder alle Suid-Afrikaners nie. Hy het artikels geskryf en lesings gelever oor 'n verskeidenheid onderwerpe, waaronder die skakels tussen Suidoos-Asië en Suid-Afrika wat in 1652 begin het toe Kaapstad deel geword het van die handelsnetwerk van die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie (NOIK).

“Soms voel ek so 'n bietjie soos Indiana Jones wat verskuilde aspekte van Suid-Afrika ondersoek en opwindende feite oor sy geskiedenis blootlê.”

Hy het lesings gegee by die Universiteit van Stellenbosch, Universiteit van Kaapstad, vir verskeie historiese verenigings, professionele groepe en liefdadigheidsfondsinsamelings in die Kaap. Sy artikels is in *Die Burger* en *Rapport* gepubliseer.

Hy werk ook saam met die Universiteit van Pretoria se Fakulteit van Veeartsenykunde by Onderstepoort om 'n wyer spektrum jong Suid-Afrikaners na die veeartsenykundige beroepe te lok.

Tydens een van sy besoeke aan Suid-Afrika het mnr. Lewis 'n intensiewe drieweekkursus in Afrikaans aan die Universiteit van Stellenbosch voltooi. Hy is tans besig om gespreks-Xhosa te bestudeer.



JESSE W. LEWIS JR. het meer as 30 jaar ervaring in joernalistiek, diplomاسie, openbare betrekkinge en krisisbestuur.

Nadat hy sy universiteitsgraad in 1964 verwerf het, het hy twaalf jaar lank vir *The Washington Post* gewerk. Gedurende hierdie tyd het hy verskeie posisies en aanstellings beklee, waaronder hoofartikelskrywer, korrespondent gedurende die Viëtnamese Oorlog, korrespondent gedurende die 1967-oorlog in die Midde-Ooste, en daarna burohoof in die Midde-Ooste, met sy basis in Beiroet. As joernalis het mnr. Lewis verskeie toekennings ontvang vir ondernemende en analitiese beriggewing, met inbegrip van eervolle vermeldings vir voortreflike nuusdekking in Viëtnam en die Midde-Ooste.

Tussen 1975 en 1983 was mnr. Lewis 'n offisier in die diplomatieke diens van die V.S.A. en het hy diens gedoen in Jidda, Saoedi-Arabië, Nikosia, Ciprus en Athene, Griekeland. Hy het in 1978 die "Department of State's Superior Honor Award" vir sy prestasie in Saoedi-Arabië ontvang.

In 1983 het hy die "Admiralty Associates International" gestig, 'n krisisbestuurmaatskappy wat korporatiewe krisiskommunikasiedienste, waaronder opleiding, vir die internasionale seevervoerbedryf bied. In hierdie hoedanigheid het mnr. Lewis noodresponsopdragte vir openbare aangeleenthede vir meer as 30 belangrike skeepsinsidente wêreldwyd hanteer, waaronder die Straat van Malakka, die Panamakanaal, Fujairah in die Golf van Oman, Singapoer, die Verenigde State en Japan, sowel as 'n vernamese seeroofinsident naby Mombasa. Die meeste van die ongelukke het veelvuldige sterftes of beduidende oliebesoedeling behels.

Dit was 'n skeepsongeluk in Kaapstad, waarby die Sea-Land Express in Augustus 2003 betrokke was, wat hom na Suid-Afrika gebring het. Hy aanvaar steeds af en toe skepskrisisbestuursopdragte en hy word gereeld genooi om by internasionale skepskonferensies en werkswinkels te praat.

Vir tien jaar, tot in 2004, was mnr. Lewis 'n besoekende professor by die Massachusetts Maritieme Akademie waar hy lesings gegee het oor die openbare beeld van die skeepsbedryf en die gebruik van openbare verhoudings as 'n krisisbestuurinstrument ná groot marienesterftes. Hy het ook in 2003 'n lesing oor krisisbestuur aan die Universiteit van Kaapstad se Besigheidskool vir Gegradeerdes gelewer.

Hy is die outeur van die boek, *The Strategic Balance in the Mediterranean*, 'n analise van skepsmag in die Middellandse See na die Koue Oorlog, wat in 1976 deur die American Enterprise Institute (AEI) uitgegee is.

"Nadat ek vir meer as 30 jaar op ander terreine gewerk het, het ek uiteindelik ontdek wat ek wil doen wanneer ek groot is."

≠ ≠ ≠

"My persoonlike filosofie is dat daar nie aan hierdie dokumentêre films gedink moet word as 'n kommersiële onderneming met 'n potensieel finansiële opbrengs en wins nie. Veel eerder glo ek dat die waarde, die werklike voordeel, bereken behoort te word binne die konteks van toenemende trots en bewustheid, sowel as die verheffing van die gemeenskap en nasionale ontwikkeling."

"Suid-Afrika staar baie maatskaplike en kulturele uitdagings in die gesig. Ek wil graag 'n reeks films maak wat alle Suid-Afrikaners sal inspireer – veral jong Suid-Afrikaners van alle rasse en kulturele groepe wie se persepsies van hul verlede en hul hoop vir hul toekoms nog besig is om gevorm te word."

→

“Terselfdertyd wil ek hê alle Suid-Afrikaners moet die invloed van hierdie vier individue, asook die tydperke waarin hulle geleef het, op kontemporêre gebeure en op hul eie lewens, waardeer en aanvaar.

“Ek glo dat alle Suid-Afrikaners bewus moet wees van alle aspekte van hul geskiedenis, veral die episodes wat voorbeelde bevat van dapperheid, opoffering en prestasie. Almal sal nie noodwendig alles van hierdie geskiedenis aanvaar nie, maar hulle moet kennis daarvan dra. En almal behoort die dele van hierdie geskiedenis, waaraan baie ander Suid-Afrikaners waarde heg, te waardeer en te respekteer.

“Hierdie konsep van gedeelde geskiedenis en gemeenskaplike toekoms is iets wat ek oortuigend wil stel en versterk. Ek glo dat dit onmisbare bestanddele is vir veilige en vrymoedige ontwikkeling.

“Die dryfkrag ... die fundamentele doel ... van Fresh Eye, Clear Lens is om 'n positiewe bydrae tot hierdie prosesse te lewer.”